

**DIE VERHALE VAN KINDERS  
WAT SEKSUELE MISBRUIK  
OORLEEF HET:  
'N PASTORAAL-NARRATIEWE  
ONDERSOEK**

deur

**Christoffel Naudé Malan**

**Voorgelê ter vervulling van die graad  
Philosophiae Doctor aan die Universiteit van Pretoria  
Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie  
Studieleier: Prof. J.C. Müller  
Oktober 2005**

## OPSOMMING

**Onderwerp: Die verhale van kinders wat seksuele misbruik oorleef het:  
'n Pastoraal-Narratiewe Onderzoek.**

**Hoofstuk 1** stel die vier rigtinggewende metafore vir hierdie navorsing bekend, te wete Sosiale Konstruksie, Narratief, *Writing* en *Participatory Action Research*. Die *Writing*-metafoor bied struktuur aan die navorsingsproses terwyl *PAR* op die belangrike aspekte van deelname en eienaarskap fokus. Verder word 'n narratief-hermeneutiese en kultureel-linguïstiese benadering tot die teologie ingeneem. Hierdie benadering het as elementêre dryfvere sorg en omgee, en die inweef van mense se lewensverhale in die groter narratief van die Christelike verhaal. Dit vra van die Praktiese Teologie om nie net bewus te wees van en ingestel te wees op die politiese nie, maar om waagmoed aan mense bekend te stel en oor te dra sodat hulle hul lewens en gemeenskappe kan transformeer. Sodoende aanvaar Praktiese Teologie as *Publieke Teologie* die uitdaging om haar metodiese kundigheid en haar kennis van spiritualiteit, betekenis en transendensie in gesprek te bring met die wêreld rondom haar.

In **hoofstuk 2** word die *aksieveld* aan die leser bekend gestel. Deel van hierdie bekendstelling behels 'n ontmoeting, 'n verhaal net so geldig en gewichtig as talle ander "*grand*" narratiewe. Die verhaal van 'n *survivor*. Die kinder *survivors* van seksuele misbruik word erken as die belangrikste bron van inligting vir hierdie navorsing. Oop onderhoude – individueel en in groepe - is gefasiliteer en werklike gesprekke is opgeskryf waardeur die deelnemende aard van hierdie navorsing beklemtoon is, terwyl die navorser grotendeels 'n weetgierige mede-reisiger gebly het. Verder toon hierdie hoofstuk die kritiese belang daarvan aan dat die werk van die narratiewe navorser en terapeut met kinders wat seksuele misbruik oorleef het, geïnformeer moet word deur kennis en begrip van *die politiek van misbruik, die politiek van volwassene-kind-relasies, en die politiek van mag*.

**Hoofstuk 3** stel *stemme in die agtergrond* aan die leser bekend, juis omdat hierdie *stemme* meer as dikwels hulself op die voorgrond dwing. Die bespreking van onder andere die langtermyn effekte van kinderjare seksuele misbruik vanuit die tradisionele, psigo-analitiese model stel die leser bekend aan die inperkende en onderdrukkende mag

van hierdie diskoerse. Die terapeutiese raamwerke van Kamsler en Baird word benut om beide die inperkinge van diskoerse en probleem-deurweekte verhale aan te dui, asook wyses waarop die *survivor* haarself kan loswikkkel van hierdie inperkinge.

In **hoofstuk 4** word die verhale van twee *survivors* rondom unieke uitkomst, wat die onderdrukkende diskoerse en probleem-deurweekte verhale weerspreek, *ontwikkel*. Hierdie hoofstuk vertel die verhale van hoedat *survivors* uitgenooi word om “sparkling events” vas te vang en in verhale te ontwikkel wat hulle wil leef, en om in hierdie *leef* hulself te ken en te ervaar op voorkeur, bevredigende wyses.

In **hoofstuk 5** word aan die hand van die konsep “spreading the news” verskeie groepe, werks wyses en benaderings beskryf en bekend gestel. In die skep van ‘n “community of shared experience” word die impak van die “insider”-status en rol wat aan die *survivors* toegeken word, ontgin. Hierdie gemeenskap bied die ruimte waarbinne die ervarings, vaardighede en kennis van die *survivors* erken, gedeel en gevier word. Nie net is die *survivors* se eie verhale deur hierdie gemeenskap *ge-skryf* en getransformeer nie, maar kon hulle begin *droom* oor die transformasie van hul eie gemeenskap, en hoedat hierdie *verhaal* en hierdie *reis* talle ander *survivors* se lewens kon raak en transformeer.

In **hoofstuk 6** word die waarde van kritiese refleksie deur ‘n professioneel-akademiese gemeenskap asook self-refleksie benut. Die transkripsies wat in hierdie hoofstuk weergegee word, omvat bykans die hele gesprek wat plaasgevind het na afloop van ‘n aanbieding oor die navorsings- en praktykwerk - soos vervat in hierdie proefskrif – by die *Evanston Family Therapy Center*. Die transkripsies toon nie net ‘n kritiese waardering van die werk en benadering aan nie, maar talle vrae en temas word aangedui wat die refleksiegroep uitgelig het, temas en vrae wat hierdie *reisverhaal* net verder kan verryk en ontwikkel.

Ek wil – as ek mag - ‘n *mede-reisiger* van hierdie dapper *survivors* wees  
in hul ontdekkingsreise na alternatiewe verhale en aksies.

Ek wil – as ek mag - ‘n *mede-verteller* word  
van hierdie uitkomstige en alternatiewe, voorkeur-verhale.

Ek wil – as ek mag - ‘n *mede-aktivis* word in die transformasie  
van hul lewens en verhoudinge, omstandighede en gemeenskappe.

En, om te dink, my *gidse* op hierdie *reis* was meerendeels twee kinders!

Dit sê nie net baie oor die avontuurlikheid van hierdie *reis* nie,  
maar ook iets oor respek, en beslis iets oor bewondering.

Chris Malan, 14 Oktober 2005

## SUMMARY

**Theme:**       **The stories of children who survived sexual abuse:  
A Pastoral-Narrative Inquiry.**

**Chapter 1** introduces the four guiding metaphors for this research, being, Social Construction, Narrative, *Writing* and Participatory Action Research. The *Writing*-metaphor provides the structure for the research process, and PAR highlights the important aspects of participation and ownership. In this chapter I propose a narrative hermeneutical and a cultural linguistic approach to theology. This approach has as its primary motive care and empathy, and the *stitching* of life stories into the greater narrative of the Christian story. Approaching theology in such a way urges Practical Theology to be both politically aware and courageous, and to impart this courage on people to transform their lives and communities. Along this way Practical Theology accepts the challenge as *Public Theology* to bring her methodical skills and her knowledge of spirituality, meaning and transcendency into a conversation with the world around her.

**Chapter 2** introduces the *action field* of the research. Part of this introduction entails an encounter - a story - just as valid as any other *grand* narrative. The story of a *survivor*. This study acknowledges children *survivors* of sexual abuse as the most important source of information. Open interviews – individual and in groups - were facilitated and real conversations were written down to show the emphasis this research places on participation, while the researcher takes on the role of a curious companion on the journey. This chapter also shows the critical importance that the work of the narrative researcher and therapist with children *survivors* of sexual abuse must be informed by knowledge and an understanding of the *politics of abuse*, the *politics of adult-child-relations*, and the *politics of power*.

In **chapter 3** I discuss and bring to the fore *voices from the background* since these voices often force themselves into the spotlight. Discussions on the long term effects of child sexual abuse from a traditional, psycho-analytical model introduce to the reader the restraining and subjugating power of these discourses. The therapeutic frameworks of Kamsler and Baird are utilised to indicate both the restraining effects of these discourses

and problem-saturated stories, but also ways in which the *survivor* can free herself from these restraints.

**Chapter 4** shows the stories of two *survivors* which *developed* from unique outcomes, resisting subjugating discourses and problem-saturated stories. This chapter tells the stories of *survivors* being invited to capture these “sparkling events” and develop them into preferred stories, and in living these stories recognise and experience themselves in preferred and satisfactory ways.

**Chapter 5** describes and introduces various groups, methods and approaches through which the news of empowerment and transformation can be circulated. Through the creating of a *community of shared experience* the impact of the *insider* status and role of the *survivors* were discovered. This community created space for the *survivors* in which their experiences, skills and knowledge could be acknowledged, shared and celebrated. Not only were the stories of the *survivors* re-written and transformed by this community, but could they start dreaming about the transformation of their communities and how their stories and their journey could touch and transform the lives of numerous other *survivors*.

Not only are the importance and benefit of critical reflection by a professional academic community shown in **chapter 6**, but also the value of self reflection. The transcripts in this chapter present almost all of the conversation that took place after a presentation of my work in research and practice – as it is portrayed in this thesis – at the *Evanston Family Therapy Center*. These transcripts do not only show a critical appreciation of the work and approach but also bring to the fore many questions and themes highlighted by the reflecting team, themes and questions which will only enrich and further develop the story of this journey.

I wish – if I may – to be a companion to these brave *survivors*,  
in their journey in exploring alternative stories and actions.

I wish – if I may – to be a co-author,  
storying (with them) these outcomes into alternative, preferred stories.

I wish – if I may – to be a comrade (a fellow activist) in the transformation  
of their lives and relationships, circumstances and communities.

And to think of it, my *guides* on this journey were for the greatest part two children!

This doesn't only say something about the adventure of this journey,  
but also of respect, and surely something about standing in awe of these children!

Chris Malan October 14, 2005

# INHOUDSOPGAWE

---

## HOOFSTUK 1: EK NEEM VERSKEIE POSISIES IN

1.1. TEOLOGIESE POSISIONERING.	1
1.2. PRAKTIES-TEOLOGIESE POSISIONERING.	3
1.2.1 Charles V. Gerkin: <i>Narratiewe Hermeneutiek</i> .	3
1.2.2 Alasdair Campbell en Elaine Graham: <i>Politiese bewustheid; teologiese waagmoed en "Otherness"</i> .	5
1.2.3 Nancy Eisland: <i>The Disabled God</i> .	11
1.2.4 Charles V. Gerkin en Anton Boisen: <i>Living Human Documents</i>	11
1.2.5 Julian Müller: <i>Die Avontuur van Narratiewe Betrokkenheid</i> .	15
1.2.5.1 'n (Eko)-hermeneutiese Avontuur.	15
1.2.5.2 Narratiewe Betrokkenheid.	16
1.3. DIE RIGTINGGEWENDE METAFORE VIR HIERDIE NAVORSING.	17
1.3.1 Sosiale Konstruksie en Narratief.	17
1.3.2 Ruard Ganzevoort: <i>The Social Construction of Revelation</i> .	19
1.3.3 'n Nuwe paradigma vir dialoog: <i>Postfoundationalism</i> .	25
1.3.3.1 <i>Postfoundationalism</i> en Sosiaal-konstruksionisme.	31
1.4. DIE RAAMWERK EN BEWEGINGS VAN HIERDIE NAVORSING.	33
1.4.1 Die aksieveld van die navorsingsverhaal.	33
1.4.2 Die agtergrond van die navorsingsverhaal.	34
1.4.3 Die ontwikkeling van die navorsingsverhaal.	36
1.4.4 Die klimaks van die navorsingsverhaal.	38
1.4.5 Die slot van die navorsingsverhaal.	39
1.5. DEELNAME AAN EN EIENAARSKAP VAN HIERDIE NAVORSING.	40
1.5.1 Inleiding: <i>Participatory Action Research</i> .	40
1.5.2 Die metodologiese en epistemologiese basis van <i>Participatory Action Research</i> .	40



1.5.3 Die verhouding tussen <i>Participatory Action Research</i> en soortgelyke metodologieë.	42
1.5.3.1 PAR as 'n weergawe van aksie-navorsing.	42
1.5.3.2 PAR as 'n weergawe van deelnemende navorsing.	44
1.5.4 Die beginsels van <i>Participatory Action Research</i> .	46
1.5.4.1 Die rol van die navorser as veranderingsagent .	47
1.5.4.2 Die belangrike rol wat toegeken word aan deelname.	48
1.5.4.2.1 Deelname deur al die fases van navorsing.	48
1.5.4.2.2 Die aard en graad van deelname.	49
1.5.4.2.3 Die rol van die veranderingsagent in deelname.	50
1.5.4.2.4 Redes vir die belang van deelname.	51
1.5.4.3 Die demokratiese natuur van die navorsingsverhouding.	52
1.5.4.4 Die inkorporering van plaaslike kennis in die navorsing.	53
1.5.4.5 Die generering van kennis met die doel om aksies te loods.	54
1.5.4.6 Bemagtiging binne PAR.	55
1.5.5 Müller en Schoeman: <i>Narrative Research - A Respectful and Fragile Intervention</i> .	56
1.6. DIE ETIESE ASPEKTE VAN HIERDIE NAVORSING.	58
1.6.1 Müller, Van Deventer & Human: <i>Subjektiewe integriteit en geloofwaardigheid</i> .	58
1.6.2 Karl Tomm: <i>Therapeutic Violence</i> en <i>Therapeutic Loving</i> .	58
1.6.3 Freedman & Combs: <i>Practicing Attitudes</i> .	59
1.6.3.1 Om myself te posisioneer.	60
1.6.3.2 Om te luister en vrae te vra.	60
1.6.3.3 Gebruike ten opsigte van verantwoording.	61
1.6.3.4 Eksternaliserende Gesprekke.	63
1.6.3.5. Refleksiewe gebruike.	64
1.6.3.6 Verhoudingspraktyke wat hiërgie teenwerk.	64
1.6.3.7 Om erkenning te gee aan die effek van verhoudinge op ons.	66
1.6.4 Michael White: <i>Ethic of Collaboration and Decentred Practice</i> .	67
1.7. VAN VERSKEIE POSISIES TOT AKSIEVELD.	67

## HOOFSTUK 2: DIE AKSIEVELD VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

2.1. INLEIDING.	70
2.2. DIE HABITUS (AKSIEVELD) VAN HIERDIE NAVORSING: <i>DIE VERHALE VAN KINDERS WAT SEKSUELE MISBRUIK OORLEEF HET.</i>	72
2.2.1 Die <b>verhale</b> van kinders wat seksuele misbruik oorleef het.	72
2.2.1.1 Die reisverhaal	73
2.2.2 Die verhale van <b>kinders</b> wat seksuele misbruik oorleef het.	77
2.2.2.1 Die politiek van volwassene-kind-relasies, en die politiek van misbruik.	78
2.2.2.1.1 Aanspreeklikheid en terapeutiese praktyk.	81
2.2.2.1.2 Om betrokke te raak: <i>Die vestiging en handhawing van die navorsings- en terapeutiese verhouding.</i>	84
2.2.2.2 Michael White: <i>The politics of power.</i>	85
2.2.3 Die verhale van kinders wat <b>seksuele misbruik</b> oorleef het.	87
2.2.4 Die verhale van kinders wat seksuele misbruik <b>oorleef</b> het.	90
2.3. OM “CURIOUS” EN NAÏEF TE WEES.	91
2.4. OM ‘N “NON-EXPERT” TE WEES IN ‘N POSISIE VAN “NOT-KNOWING”.	93
2.5. DIE MODUS VAN INTERAKSIE MET DIE AKSIEVELD.	95
2.5.1 Onderhoude.	96
2.5.2 Direkte sistematiese waarneming.	96
2.5.3 Die gebruik van buitengewone tegnieke vir data-versameling.	96
2.5.3.1 Kollektiewe navorsingsmetodes	97
2.5.3.2 Kritiese ontginning van die geskiedenis	97
2.5.3.3 Benutting van deelnemers se eie rekord-houding	98
2.5.4 Die sosiale verifikasie en bekragtiging van data.	98
2.5.5 Beskikbaarstelling van die resultate aan die deelnemers.	99
2.6. PSEUDONIEME EN TRANSKRIPSIES.	101
2.7. “AANGENAME KENNIS, EK’S MADILISE”.	101
2.8. “AANGENAME KENNIS, TELEURSTELLING”.	105
2.9. VAN DEFINISIE TOT “HEL OP AARDE”.	118

## HOOFSTUK 3: DIE AGTERGROND VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

3.1. INLEIDING.	120
3.2. STEMME IN DIE AGTERGROND IS DIKWELS STEMME OP DIE VOORGROND.	122
3.2.1. Amanda Kamsler: <i>Her-story in the making</i> .	123
3.2.2. Frank Baird: <i>'n Narratiewe konteks vir terapeutiese gesprekke     met "survivors" van kinderjare seksuele misbruik</i> .	125
3.2.2.1 Langtermyn effekte van kinderjare seksuele misbruik.	126
3.2.2.1.1 Posttraumatiese Stres.	127
3.2.2.1.2 Kognitiewe Effekte.	127
3.2.2.1.3 Emosionele Effekte.	130
3.2.2.1.4 Interpersoonlike Effekte.	130
3.2.2.2 Psigologiese skade en 'n "shattered ego".	131
3.2.3. Terapeutiese raamwerk.	132
3.2.3.1 Sosiaal-Konstruksionisme.	135
3.2.3.2 Om ruimte te skep.	135
3.2.3.3 Gedeelde kennis.	135
3.2.3.4 "Non-Expert Stance" en Deursigtigheid.	135
3.2.3.5 Interpretasie: <i>"The Making of Meaning"</i> .	136
3.2.3.5.1 "Thin descriptions" en die Groen Lêer.	137
3.2.3.5.2 Dominante verhale en Diskoerse.	139
3.2.3.5.3 Alternatiewe- en Voorkeur-verhale.	145
3.2.3.5.4 Dekonstruksie van die dominante verhaal.	146
3.2.3.5.5 "Sparkling events".	148
3.2.3.5.6 Eksternalisering van die Probleem.	153
3.2.3.5.7 Relatiewe invloed van die Probleem.	157
3.2.3.5.8 Die her-skrif van 'n nuwe verhaal.	159
3.2.3.5.9 "Performing Meaning".	160
3.2.3.5.10 Om die "news of difference" openbaar te maak en die voorkeur-verhaal te sirkuleer.	163
3.2.3.5.11 "Re-membering" gesprekke en Viering.	164
3.2.3.5.11.1 Refleksie op die "celebration".	167

3.3. VAN OUTEURSKAP EN “EK WONDER...”: REFLEKSIES VAN ‘N ‘VOORMALIGE DESKUNDIGE’.	170
3.4. WANNEER NUUS ‘N VERSKIL MAAK.	172

#### HOOFSTUK 4: DIE ONTWIKKELING VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

4.1. INLEIDING.	174
4.2. DIE ONTWIKKELING VAN ‘N VERHAAL.	176
4.3. BELANGRIKE OORWEGINGS IN STORIE-ONTWIKKELING.	177
4.3.1 “Transformative stories are performed stories”.	177
4.3.2 “The people we work with are the privileged authors”.	178
4.4. “AANGENAME KENNIS, EK’S CHEREESE”.	179
4.5. RUIMTE EN OPENINGE VIR NUWE VERHALE.	181
4.5.1 Om te <i>luister</i> vir openinge.	181
4.5.2 Om te <i>vra</i> vir openinge.	182
4.5.3 Om seker te maak die openinge verteenwoordig ’n voorkeur-ervaring.	182
4.6. OM ‘N OPENING TOT ‘N NUWE VERHAAL TE ONTWIKKEL.	183
4.6.1 Dink soos ’n roman- of rolprentskrywer.	183
4.6.2 Karakters en veelvoudige gesigspunte.	184
4.6.3 Dubbele landskappe.	185
4.6.4 Hipotetiese of spekulatiewe ervarings.	187
4.7. OM ‘N GESKIEDENIS VAN DIE HEDE TE ONTWIKKEL.	199
4.8. OM HIERDIE VERHAAL NA DIE TOEKOMS UIT TE BREI.	200
4.9. UNIEKE UITKOMSTE.	201
4.9.1 Unieke uitkomst: <i>Die onlangse en verre verlede</i> .	202
4.9.2 Unieke uitkomst: <i>Die hede</i> .	203
4.9.3 Unieke uitkomst: <i>Die toekoms</i> .	203
4.9.4 Om aan die “counterplot” ’n naam te gee en om die voorkeur- verhaal te “thicken”.	207
4.9.5 Agentskap, Outeurskap en “Agentive Gap”.	222
4.10. VAN ‘N FOTO EN ‘N KERSFEESBOOM.	227

## HOOFSTUK 5: DIE KLIMAKS VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

5.1. INLEIDING.	228
5.2. <i>SILENT TOO LONG</i> .	229
5.2. 1 Wie is <i>Silent Too Long</i> ?	232
5.2.2 Waar kom <i>Silent Too Long</i> se naam vandaan?	233
5.3. "SPREADING THE NEWS".	233
5.3.1 Ervaring-van-Ervaring Vrae.	237
5.3.2 "Leagues" as gehoor.	245
5.3.2.1 Babbie & Mouton: " <i>Insider Knowledge</i> ".	246
5.3.3 "To hook up clients".	259
5.3.3.1 Terapeutiese Groepe.	260
5.3.4 "Community of shared experience".	261
5.4. DIE GENERERING VAN KENNIS EN DIE LOODSING VAN TRANSFORMERENDE AKSIES.	267
5.5. DIE NUUS VERSPREI VANAF TALITHA KUMI-STRAAT TOT IN ADELAIDE EN EVANSTON.	272

## HOOFSTUK 6: DIE SLOT VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

6. 1. INLEIDING.	274
6.2. NAVORSING <i>MET</i> MENSE.	275
6.2.1. Navorsing-as-Aksie: <i>Om die skeidslyn tussen <b>navorsing doen</b> en <b>navorsing gebruik</b> te versmelt.</i>	276
6.2.2. Navorsing-as-Narratief: <i>Om nuwe metafore te ontdek en voor te stel.</i>	278
6.2.3. Navorsing-as-Fasilitering: <i>Om ruimte te skep vir navorsing.</i>	278
6.2.4. Navorsing-as-Verantwoording: <i>"Who claims that research is a good thing?"</i> .	279

6.3. JILL FREEDMAN EN GENE COMBS: <i>EVANSTON FAMILY THERAPY CENTER.</i>	281
6.4. REFLEKSIES OP <i>OM GERAAK TE WEES EN OM TEENWOORDIG TE WEES.</i>	282
6.5. REFLEKSIES OP <i>OM VERBAAS TE WEES EN OM NIE HAASTIG TE WEES NIE.</i>	285
6.6. REFLEKSIES OP GESLAG EN <i>OM NIE 'N BEDREIGING TE WEES NIE.</i>	286
6.7. REFLEKSIES OP SPONTANĚITEIT EN <i>OM SOOS 'N KIND TE WEES.</i>	288
6.8. REFLEKSIES OP <i>SORG SONDER BESORGDHEID.</i>	290
6.9. REFLEKSIES OP DIE GROEP SE REFLEKSIES.	290
6.10. REFLEKSIES OP <i>OM DOMINEE TE WEES EN OM DEEL TE WEES VAN DIE "SISTERHOOD".</i>	293
6.11. REFLEKSIES OP IDENTITEIT EN DIE "PERVASIVENESS" VAN MISBRUIK.	295
6.12. REFLEKSIES OP "INSIDER WITNESS TEAMS" EN <i>OM 'N KONSULTANT TE WEES.</i>	296
6.13. REFLEKSIES OP TRANSFORMERENDE AKSIES.	303
6.14. REFLEKSIES OP NARRATIEWE WERKSWYSES.	305
6.15. REFLEKSIES OP PERSEPSIES EN VERTROUE.	306
6.16. REFLEKSIES OP VERSKILLENDE GESIGSPUNTE.	308
6.17. REFLEKSIES OP <i>OM OP TE STAAN EN VENNOOTSKAPPE.</i>	309
6.18. REFLEKSIES OP BESEMSTOKKE EN BALLONNE.	313
6.19. REFLEKSIES OP "RE-MEMBERING" EN VERHOUDINGE.	315
6.20. REFLEKSIES OP VERBINTENISSE EN NETWERKE.	319
6.21. REFLEKSIES OP EVANSTON.	321
6.22. REFLEKSIES OP <i>MY REIS.</i>	322
<b>Literatuurverwysings</b>	325

**Sleutelwoorde/terme:**

Kultureel-linguïsties, Narratiewe Hermeneutiek, *Postfoundationalism*, Sosiaal-konstruksionisme, Narratief, *Writing*, *Participatory Action Research*, Verhale, Kinderjare Seksuele Misbruik, *Survivor*, Eksternalisering, Unieke Uitkomst, *Spreading the news*, *Community of shared experience*, Refleksie.

**Geslagsinklusiwiteit:**

Alhoewel ek *hy* en *hom* gebruik wanneer ek na die terapeut/ navorser/ veranderingsagent, asook die seksuele misbruik-oortreder verwys, sluit dit nie die ander geslag van hierdie *rolle* uit nie, so ook verwys ek telkens na die gespreksgenoot/ deelnemer/ *survivor* as *sy/ haar* sonder dat ek die ander geslag van hierdie *rolle* uitsluit.

## **Dis tyd om dankie te sê...**

### **Die Kerkrade en kollegas van die Ned. Geref. Gemeentes Pongola en Kameeldrif:**

Dankie vir die ruimte wat julle vir my geskep het om met hierdie navorsing en praktykwerk besig te wees. Dankie vir julle deurgaanse belangstelling en aanmoediging.

### **Die bestuur en personeel van Jakaranda en Louis Botha Kinderhuise:**

Dankie vir elke maatskaplike werker en huismamma se empatie vir hierdie kinders, dit het aanleiding gegee tot talle ontmoetings en die begin van talle avontuurlike en transformerende *reise*.

### **Pa Dennis en ma Ina:**

Dankie dat ek enige tyd die 'rooi telefoon' kon optel en weet dat julle ondersteuning altyd daar was, veral het julle dit finansiële vir my moontlik gemaak om beide *reise* na Adelaide in 2000, en Evanston, Chigaco in 2005, aan te pak. Dankie dat julle op hierdie wyse bygedra het tot die verrykking van my lewe en hierdie studie. So ook my ousus, Comine, en haar man Christo, en my broer, Stephan, en sy vrou Lindie, en die talle vriende van Pongola, Kameeldrif en die Kinderhuis wat hierdie werk en *reise* moontlik gemaak het.

### **Marlene Müller, Ilse Kramer en Nina Oosthuizen:**

Hierdie drie dames het die enorme taak op hulle geneem om die transkripsies van al die onderhoude en gesprekke te tik. Ek weet dat dit moordende werk is en daarom waardeer ek julle bydra tot hierdie werk ontsettend baie. Julle het 'n stuk werk gedoen waarvoor ek nie kans gesien het nie.

### **Navorsingsvriende en professor Julian Müller:**

Dankie vir die talle gesprekke en refleksies op hierdie werk asook julle aanmoediging. Dankie 'Prof' vir jare se geduld en dat u aangehou het om my aan te moedig en in my te glo.



**Tannie Thea Heckroodt:**

Hoe goed ken ek nie al die trappies af tot by Vlak 1: Teologie in die Merensky Biblioteek nie, en hoe goed ken tannie nie al my onbeholpenheid met rekenaars en boeke-soek nie. Dankie vir tannie se ewige vriendelikheid en hulpvaardigheid.

**Mientjie, Christiaan en Lize:**

Hoe kan ek opmaak vir al die tyd wat hierdie *reis* my by julle kom steel het? Of miskien het dit in die verloop van hierdie *reis* waar geword dat julle *mede-reisigers* geword het, want julle geduld, begrip en aanmoediging – en belangstelling in die *survivors* - het my dikwels laat vasbyt en deur-druk. Baie, baie dankie vir julle liefde en ondersteuning.

**Die volwasse en jong vroue *survivors* van Pongola:**

Ek het nie die woorde om my waardering en bewondering vir julle uit te druk nie. Julle “guts” om elkeen haar afsonderlike *reis* aan te pak en julle lewens terug te neem, was en bly ’n enorme inspirasie vir my. In my drome ontmoet julle die kinder *survivors* van die kindershuis en in hierdie ontmoeting, hierdie “community” ontspring daar die kragtigste bevestiging en viering van julle *skills* en *knowledges*. En steeds bly dit my voorreg om ’n ooggetuie en *mede-reisiger* te wees. So baie dankie dat julle my vertrou het en toegelaat het dat ek entjies saam met julle kon *reis*.

**Die sterre van hierdie studie - Madilise en Chereese:**

Ek het al dikwels my waardering en bewondering vir hierdie twee dogters uitgespreek, maar telkens met die gewaarwording dat my bewondering nie heeltemal reg laat geskied aan die opstaan, die oorleef en die ‘my lewe terug-vat’ van hierdie twee dogters nie. Julle sterkte en deursettingsvermoë sal altyd by my bly. Hoe sou ek ooit die besemstok en die be-“jump” kan vergeet! Hoe sou ek ooit die “celebrations” kan vergeet. En so baie dankie dat julle in julle verhale saam met my na Evanston ge-*reis* het. Dankie dat ons nou in die lekkerte kan deel dat julle verhale ander *survivors* se lewens oor die hele wêreld transformeer.

**Die Talitha Kumi-groep:**

'n Groot dankie aan hierdie groep baie spesiale dogters! Tanya, Louise, Charlene, Yolandi, Leatitia, Nealia en C.J., dankie dat ek soveel by julle kon leer. Dankie dat julle my in julle "sisterhood" toegelaat het.

**God:**

U weet dat ek dikwels sonder verstand U blameer het vir die stukkend en seer van hierdie kinders. U weet hoeveel keer ek met U geworstel het as ek ente gaan stap. U weet hoe ek dikwels met 'n oor-vol gemoed skuiling by U kom soek het, en telkens het U u vlerk oor my gevou. 'Skuus vir al die baklei. Dankie dat U in dit alles my hart geken het. Maar U weet hoe dikwels die seer net té seer, en die stukkend net té stukkend vir my geraak het. Dankie dat ek meer as dikwels in hierdie werk 'n getuie kon wees van 'n *Goddelike misterie*, hoe U op wyses kinders se lewens geraak het wat vér buite my begrip of aksie gelê het. U weet, vér meer as my worstel is daar in my hart vir U bewondering... en aanbidding.